

Handelinge 2 & Matteus 7

**Die Naam van die Here – Bely jy of laster jy?**

**Inleiding:**

- Donald Trump, Madonna en Adolf Hitler
  - Dis name.
  - Doodgewone name.
    - Dit is wel name van bekende mense.
    - Ons almal weet wie hulle is.
  - Sommige het positiewe konnetasies ander laat egter die hare op in jou nek regop staan bloot deur die naam te noem.
- Dit beteken egter nie dat jy hierdie persoon ken nie.
  - Jy weet dalk dat Donald Trump die president van Amerika is, maar dit beteken nie dat julle huisvriende is en weet wat sy gunsteling kleur of eerste troeteldier is nie.
- In die twee gedeeltes wat ons saamgelees het word daar ook van 'n naam gepraat.
  - Die manier wat jy met hierdie naam omgaan word duidelik beskryf.
    - Aan die eenkant word uitgeroep “Here, Here” en dit word duidelik gemaak dat Christus sy rug op hulle sal draai.
    - Die anderkant wys duidelik as die Naam van die Here bely word, sal hulle gered word.
- Is die Bybel besig om homself te weerspreek?
  - Tree God onregverdig op deur sommiges wat die Here aanroep te verwerp terwyl ander met ope arms ontvang word?
- Glad nie.
  - Die vraag is veel eerder hoe word daar met die naam van die Here omgegaan.
- Daarom dan ons tema vanoggend – Die Naam van die Here – Bely jy of laster jy?

**Die Naam van die Here getuig van die Drie-eenheid**

- In beide die gedeeltes in Matteus en in Handelingte verwys die naam van God nie net na die Vader toe nie, maar ook die Seun.
  - Die Seun word nie van hierdie naam losgemaak nie.
    - Hy is ook waardig om aanbid en aangeroop te word.
  - Christus as God word vir ons bevestig wanneer Hyself praat oor die eindtyd waar Hy die oordeel gaan vel.
    - Hy het die gesag om te kan oordeel.
    - Daarom kan Christus self besluit of daar reg met sy naam omgegaan word.
- Die gedeelte in Handelingte 2 maak deel uit van Petrus se bekende toespraak op pinksterdag – Die dag waarop die Heilige Gees uitgestort is.
  - Die geloof is die rede waarom daar in vers 21 gepraat word van elkaam wat die naam van die Here aanroep sal gered word.
    - Dit is duidelik dat hierdie uitroepe van hulle wat glo, slegs moontlik is deur die werking van die Heilige Gees wat die begeerte in die harte van gelowiges opwek om die naam van die Here aan te roep, om te bely.
- Niemand word hier uitgesonder nie.
  - Die Christelike geloof word nie beperk tot net die volk Israel nie, maar elkeen wat die geloof ontvang deur die werking van die Heilige Gees.
    - Die Christelike geloof is nie 'n eksklusiewe klub wat beperk word tot net die elite of nets sekere volke nie.
      - Dit word duidelik gemaak dat elkeen wat die Naam van die Here aanroep, gered sal word.
  - Die woord kan deur almal gehoor word.
    - Daarom kan God se naam ook bely word deur elkeen wat glo.
    - So lei die Gees dan elke gelowige om die naam van die Here te bely deur die geloof.
- Om die naam van die Here aan te roep beteken om te bely, om uit te roep, om te getuig – alles gevolge van die geloof.
  - Die aanroep van die Naam van die Here beteken die belydeis van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees.
    - Daarom het die vroeë christene ook bekend gestaan as die mense wat die naam van die Here aanroep.

### **Die ware Naam van die Here**

- Op eerste oogopslag lyk dit of die wat die naam van die Here aanroep in Matteus 7 en die wat dieselfde doen in Handeling 2 nie onder dieselfde kam geskeer word nie.
  - Maar wanneer ons fyner kyk sien ons dat hierdie mense nie dieselfde bely nie.
- In Matteus word genoem dat hierdie mense sê, maar in Handeling 2 sien ons dat die mense aanroep.
  - Hierin lê die onderskeid baie duidelik vir ons.
- Aanroep beteken om met ontsag te bely en met eerbied te hanteer.
  - So word Christus met die nodige gesag hanteer.
    - Sy naam word aangeroep as die een wat al die mag het in hemel en op aarde.
- Matteus 7 vertel nie dieselfde storie nie.
  - Hierdie mense het dalk die naam van die Here gebruik, maar hulle het Hom nie geken nie.
    - Dit was bloot 'n naam wat gebruik is.
    - Die Naam van die Here is afgewater tot 'n toorwoordjie wat hierdie persone gebruik het om te wonders te doen soos om die siekes te genees en duiwels uit te dryf.
      - Maar ware besef van wie die Here is, het hulle nie gehad nie.
- Die onderskeid tussen die veroordeeldes van Matteus 7 en die verlostes van Handeling 2 kom neer op die eenvoudige beginsel van sê en doen.
  - Die veroordeeldes het die naam van die Here geken, en aan die blote naam baie meer mag aan gekoppel sonder dat hulle enigsins die eienaar van daardie naam geken het.
  - Die "Here" toorwoordjie is eenvoudig gebruik om hulle eie agenda te dryf.
- In Handeling 2 sien ons dat die aanroep van die naam van die Here, nie losgestaan het daarvan om die wil van die Vader ook te doen nie.
  - Hulle dade het dieselfde getuig as die woorde wat hulle bely het as die Naam van die Here aangeroep is.
- Die Naam van die Here is dus nie 'n toorwoordjie wat ons bloot kan gebruik en misbruik soos wat ons dit nodig het nie.
  - Die naam het nie lewendmakende krag of wondermagte nie.
    - Hy – Die Een wat die naam Here waardig is, het die krag.
      - Dit is Hy wat die wonders doen.
- Nou kan ons onself die vraag afvra hoekom het die mense na wie verwys word in Matteus dan daarin geslaag om al die wonders te doen waarvan die gedeelte praat?

- In 2 Tess. 2:9 & 10 maak Paulus dit baie duidelik wanneer hy die gemeente pertinent waarsku:
  - *“Deur die werking van die Satan sal die verskyning van die wettelose gepaardgaan met groot magsvertoon en allerhande valse tekens en wonders en met gruwelike misleiding van die wat verlore gaan, omdat hulle nie die waarheid liefgehad het en tot hulle redding aanvaar het nie.”*
- So sien ons ook in Eksodus 7 & 8 hoe die farao se towenaars aanvanklik ook die wonders kan doen wat Moses gedoen het, maar dat hulle self toe hulle gefaal het om die derde plaag ook te herhaal, vir die Farao gesê het dat dit die hand van die Here is.
- Ons moenie die werk van die Satan enigsins onderskat nie.
  - Met die toestemming van die Here is hyself ook instaan tot magtige dade waarvan die lewe van Job vir ons ‘n baie duidelike voorbeeld is.
  - Tog is die oorwinning van die Here altyd die fokus.

### **Bely tot die einde**

- In Matteus 7 verwys Jesus spesifiek na die eindtyd – die dag wat die oordeel aanbreek.
  - Dan sal elkeen moet rekenskap gee van sy belydenis.
    - Nie net blote woorde nie, maar dade wat getuig van die geloof.
  - Dit is hier waar die mond en die daad bymekaar moet uitkom.
- Ons kan nie maar bloot vashou aan die gesonde leer en die belydenis, en ons dade van geloof heeltemaal verwerp nie.
  - Daarom is pinkster ook vir elke gelowige die herinnering dat die Heilige Gees daaglik werksaam is.
    - Elke daad wat ons uit geloof en liefde vir God en ons naaste doen, is deur die werking van die Heilige Gees.
- So kan ons dan die Naam van die Here aanroep in geloof.
  - Ons roep egter nie net met ons woorde nie, maar ons getuig en bely ook in ons dade dat ons werklik die wil van die Vader soek.
- Ons het egter nie net die verantwoordelikheid om self te bely nie, maar ook dit wat ons in die wêreld in die gesig staar reg te beoordeel.
  - Nie elke wonderdaad is die werk van die Here nie.
    - Toets alle dinge teen die woord van die Here of dit werklik die wil van die Vader is.

## Slot:

- Sal 'n roos enigsins soeter ruik met enige ander naam?
  - Die Naam van Christus is nie 'n toorwoordjie nie.
  - Dit is egter ook nie iets waarmee ons ligsinnig kan omgaan nie.
- Die belydenis van die Naam van die Here gaan oor die erkenning van sy mag oor die hele skepping, die erkenning van die kruisdood en opstanding, die erkenning van die verlossing en die troos van die Heilige Gees.
  - Dit is wel nie genoeg om net te praat nie, want dan is hierdie belydenis leeg.
    - Ken die Here.
    - Roep sy naam aan.
    - Bely sy grootheid.
  - Soek die wil van die Vader in alles wat ons doen en sê.
- Dan kan ons saam met die psalmdigter uitroep – Mag dit wat ek sê en dit wat ek dink vir u aanneemlik wees, o Here, my rots en my verlosser.